# Laerskool Eligwa

H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: lseligwa@eligwa.co.za

21 Julie 2026

Geagte Ouers / Voogde

NUUSBRIEF NR. 9 VAN 2026

Baie welkom terug na die vakansie. Ons glo en vertrou dat u 'n aangename rustyd met u kind(ers) geniet het. Neem asseblief kennis van die volgende sake:

**1. AKADEMIE**

U kind sal sy/haar vorderingsverslag op Donderdag, 23 Julie 2026 ontvang. Ons amptelike ouermiddag is op Maandag, 27 Julie 2026 **vanaf 14:00 tot 16:00.** Slegs leerders wat briewe ontvang se ouers word uitgenooi na die ouermiddag. Die ouermiddag is vir alle leerders vanaf Gr.1–Gr. 7. Ons doen 'n vriendelike beroep op ouers om by die punt te bly en u kind se leerprobleme met sy/ haar onderwyser te kom bespreek. Parkering is beskikbaar op die B-rugbyveld.

**2. GRAAD R INSKRYWINGS**

Volgens die BELA-wet is Gr. R – leerlinge ook skoolpligtig. Die inskrywings vir Gr.R leerlinge sal nie elektronies gedoen word nie, maar steeds in persoon by die kantoor.

**3.RUGBYRAAI**

Baie dankie vir u ondersteuning met betrekking tot die rugbyraai. Daar was 2 wenners gewees en dus is 'n gelukstrekking gedurende saalopening gehou. Die wenner van die groot prys is Mari Renney. Baie geluk en geniet die prys.

**4. BOK FRIDAY**

Leerlinge mag die Vrydag voor 'n rugbytoets 'n groen rugbytrui of ondersteunershemp dra. Die vergunning word gemaak tot aan die einde van die rugbyseisoen . Slegs groen ondersteunershemde of truie sal toegelaat word.

**5. BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Die krieket en hokkie is al reeds goed aan die gang. Baie sterkte aan al die spelers vir die liga wat voorlê en maak seker dat julle nie 'n oefening mis nie.

**6. REVUE**

Ons beplan om vanjaar weer 'n lekker groot revue op die planke te bring waarby alle leerlinge betrokke is. Die leerlinge is reeds kliphard aan die oefen en dit beloof om sommer 'n lekker ontspannende geleentheid te wees. Kaartjies beloop R100 per stoel en dit sal plaasvind op 15, 16 en 17 September 2026. Kaartjies is reeds by die kantoor beskikbaar. Ondersteun asseblief u kind.

## 7. DETENSIE

Ons het reeds in vorige skrywes aan u verduidelik hoe die debietpunte werk wat aanleiding daartoe gee dat 'n kind 'n detensieklas moet bywoon. Ons het egter 'n wysiging aangebring om u as ouer voortydig in te lig indien u kind debietpunte gekry het.

'n Leerder sal 'n geel briefie ontvang sodra 5 debietpunte verwerf is.
'n Leerder sal 'n groen briefie ontvang sodra 10 debietpunte verwerf is.
'n Leerder sal 'n blou briefie ontvang sodra 15 debietpunte verwerf is.
'n Leerder sal 'n finale rooi briefie ontvang sodra 20 debietpunte verwerf is en hy/sy dus 'n detensieklas moet bywoon.

Sodra 'n leerder 'n briefie ontvang, moet u as ouer dit teken en terugbesorg aan die skool.
Bogenoemde is slegs van toepassing vir leerders van Graad 4 tot Graad 7 en sal met die aanvang van die derde kwartaal implimenteer word.

## 8. BELANGRIKE DATUMS (Hokkie en kunsfeesdatums volg later)

| | |
|---|---|
| Maandag, 27 Julie | : Ouermiddag Gr.1 – 7 (14:00 tot17:00) |
| Woensdag, 29 Julie | : O/11A krieket vs Sedibeng Hub (tuis) |
| | : O/11B krieket vs Parys (weg) |
| Donderdag, 30 Julie | : O/13A krieket vsSedibeng Hub (tuis) |
| | : O/13B krieket vs Parys (weg) |
| Vrydag, 31 Julie | : Koekverkoping Gr. 2 en Gr.3 |
| | : Minihokkie – Totius (O/6 en O/7 seuns) |
| Saterdag, 1 Augustus | : Midvaal hokkiedag (O/8 en O/9) EN (O/11 en O/13) |
| | : Fonteine minihokkie (O/6 en O/7 dogters) |
| | : Minikrieket – Handhawer |
| Maandag, 3 Augustus | : O/11B krieket vs Emfulenipark (tuis) |
| Dinsdag, 4 Augustus | : O/13A krieket vs Roshnee (weg) |
| | : O/13B krieket vs Emfulenipark (tuis) |
| Woensdag, 5 Augustus | : O/11A krieket vs Emfulenipark (tuis) |
| | : O/11B krieket vs AG Visser (weg) |
| Donderdag, 6 Augustus | : Hokkiedag Vaalrivier O/6 - O/9. |
| | : O/13A krieket vs Emfulenipark (tuis) |
| Vrydag, 7 Augustus | : Minikrieketdag –Eligwa |
| | : Landloop - Kollegepark |
| Maandag, 10 Augustus | : Vakansiedag |
| Dinsdag, 11 Augustus | : O/13A krieket vs Noordskool (weg) |
| | : O/13B krieket vs Parys (tuis) |
| Donderdag, 13 Augustus | : O/11A krieket vs Noordskool (weg) |
| | : O/11B krieket vs Parys (tuis) |
| Vrydag, 14 Augustus | : Minihokkiedag – DF Malherbe (O/7 – O/9) |
| | : Detensieklas |
| | : Landloop |
| Saterdag, 15 Augustus | : Minikrieket – Midvaal |
| | : Handhawer krieketdag – O/11A |
| Maandag, 17 Augustus | : O/11A krieket vs Fundamental Faculty (weg) |
| | : O/11B krieket vs Emfulenipark (weg) |
| Dinsdag, 18 Augustus | : O/13A krieket vs Fundamental Faculty (weg) |
| | : O/13B krieket vs Emfulenipark (weg) |
| Woensdag, 19 Augustus | : O/11A krieket vs Parys (weg) |
| | : O/11B krieket vs AG Visser (tuis) |
| Donderdag, 20 Augustus | : O/13A krieket vs Parys (weg) |
| Vrydag, 21 Augustus | : Entrepeneursdag – Gr.7 |
| | : Landloop |

| | | |
|---|---|---|
| Saterdag, | 22 Augustus | : Handhawer krieketdag – O/13A |
| | | : Minikrieket – NWU-KFC |
| | | : Minihokkie – Noordskool (O/6 – O/9 dogters) |
| Dinsdag, | 25 Augustus | : O/13A krieket vs AG Visser (weg) |
| Woensdag, | 26 Augustus | : Bybelvasvrae |
| Donderdag, | 27 Augustus | : Produksie 2000 |
| | | : Assesseringstoetse begin. |
| | | : O/11A krieket vs AG Visser (weg) |
| Vrydag, | 28 Augustus | : Minihokkiedag – Eligwa |
| Saterdag, | 29 Augustus | : Minikrieket – Republiek |
| | | : Landloop – D8 |
| Saterdag, | 5 September | : Minikrieket - Voorwaarts |
| Vrydag, | 11 September | : Gr.6 kamp (Jubaweni) |
| Saterdag, | 12 September | : Landloop – Gauteng. |
| Maandag, | 14 September | : Revue (Kleedrepitisie) |
| Dinsdag, | 15 September | : Revue |
| Woensdag | 16 September | : Revue |
| Donderdag | 17 September | : Revue |
| Vrydag, | 18 September | : Detensieklas |
| Dinsdag, | 22 September | : Begrotingsvergadering 17:30 |
| Woensdag, | 23 September | : Skool sluit. |

Eligwagroete



**BD BOSHOFF**
**HOOF**